# Kouland 2

## Episode 10: Suikerstrooitjie

**Kerngedagte :** Ons blok ons eie lewens met sondes en gewoontes wat in ons pad staan van 'n lewe in Christus. Dit is eers wanneer ons vir Jesus hierdie dinge gee, wat Hy dit uit ons lewens kan sny en vir ons genees van hierdie dinge. Dit is juis deur Sy wonde wat ons genesing kan ervaar.

**Doelwit :** Kinders gaan nadink oor die kerngedagtes van al die lesse wat ons sovêr gedoen het. Hulle gaan dan dinge identifiseer in hul eie lewens wat hul nog nie oorgegee het aan Jesus nie.



**Sleutelteks:** 1 Petrus 2:24

Daar is sekere dinge in hierdie lewe wat onverklaarbaar is. Jy het 'n skêr nodig om 'n skêr uit sy verpakking te sny. 'n Mens het werkservaring nodig om 'n werk te kry. Hoe meer mens wil kou aan 'n suikerstrooitjie lekker, hoe meer gaan jy die suiker blokkeer om uit te kom.

Hierdie is nou wel klein probleme in vergelyking met die groot blokkasie wat ons in ons eie siele veroorsaak. Elkeen van ons het foute, sonde en gewoontes wat ons laat struikel. Geen mens kan dit ontduik nie. Ons is eenvoudig gestel, sondige wesens wat nie uit ons eie uit kan wegkom van ons sonde nie. Ironies genoeg, sondig ons net meer wanneer ons dink dat ons sonder sonde is. Daar is net een manier om van ons sondes, foute en slegte gewoontes af weg te kom. Dit is eers wanneer ''n mens oorgee aan Jesus en toelaat dat daardie dinge juis die spykers word wat Hom aan die kruis vasgehou het, wat ons werklik genesing ervaar.

Daar is verskeie redes waarom mense nie met hul foute en sonde na Jesus toe wil gaan nie. Soms is ons blind vir ons eie foute en wil net verby dit leef. Ander kere is ons te skaam om dit eers met Jesus te deel. Daar is ook mense wat genesing gaan soek op verskillende plekke in die wêreld. Mense wat hulself verloor in dinge van hierdie lewe net om te vergeet van die letsels wat ons foute in ons lewens agterlaat.

Wanneer ons so styf vasklou aan hierdie sondes en gewoontes, is ons meer afgeseëel as 'n suikerstrooitjie lekkergoed. 'n Suikerstrooitjie wat nie oopgemaak is nie kan nie geniet of gedeel word nie. Al die suiker lê gereed om geniet te word, maar ''n mens moet eers die geseëlde punte afsny.

Begin vandag al met 'n in diepte ondersoek oor die dinge in jou lewe wat jou afseël van die lewe in Christus. Ons het gedurende ons kuiers in Kouland na verskillende gewoontes en lewenswyses gekyk wat jou miskien laat dink het oor jou eie lewe. Miskien het dit tyd geword om hierdie dinge ook met Jesus te deel. Laat Hom toe om daardie dinge uit jou lewe te sny en jou te genees daarvan. Jesus het reeds die prys betaal om jou 'n lewe te gun waar jy nie hoef te struikel oor jou sondes, foute of verlede nie. Hierdie dinge is juis wat vir Jesus aan die kruis gehou het uit Sy groot liefde vir jou. 1 Petrus 2:24 getuig dat ons juis genesing sal vind deur die wonde van ons Jesus. Glo jy dit werklik? Het jy al jou "dinge" voor Sy voete kom sit en Hom toegelaat om die sondeseëls uit jou lewe te sny?

In Kouland het ons geleer dat ''n mens moet dophou as jy lekkergoed eet. Te veel lekkergoed kan maklik maak dat jy suikersnuffels kry. So tipe iets gebeur ook met jou, as jy so styf aan jou gewoontes, sondes, foute of verlede vashou. Vandag vier ons dat ons nie ingeseël hoef te bly tussen hierdie foute en sonde nie. Jesus het dit moontlik gemaak dat daardie dinge uit ons lewens gesny kan word. Deur Sy wonde het ons werklik genesing ontvang. Mag niks ons ooit weer blok of keer om hierdie soet boodskap te gaan deel in ''n wêreld wat ingeseël is in sonde nie!

# 1. Ontmoet & Groet

## 'n Hartlike hallo aan julle dierbare Koubouters!

Welkom in Kouland, ons eie lekkergoed fabriek.  Kan julle glo dit is vandag ons heel laaste kuier in Kouland? Kom ons begin vanoggend vir oulaas ons dag met ''n lekker

### Koubouter strek:

1. Kom ons rol ons koppe lekker los. Lekker in die rondte
2. Kom ons rol nou lekker ons skouers om en om en om
3. Kom ons haal lekker diep asem in 1…2…3.. en asem uit
4. Laaste moet ons bietjie ons knieë teen ons maag trek. Eers die een knie en dan die ander knie.

Julle is verskriklik oulik. Kom ons kyk bietjie of julle nog kan dans. Dink julle julle kan nog dans ook na al die strekke? Kom ons kyk!

### Speel die musiek video en dans saam met die kleuters.

# 2. Grootgroep Aanbieding

Maats, my dierbare Koubouter helpers in die fabriek het gesê hulle gaan vandag vir my ''n verrassing bring. Dit is ''n soort lekkergoed wat ek glad nie ken nie. Man ek is so opgewonde ek spring sommer op en af.

Wie van julle wil raai watter soort lekkergoed dit kan wees? Watter soort lekkergoed het ons nog nie van geleer hier in Kouland nie? (laat kleuters toe om te antwoord) Nee ons is nou sommer honger geraai. Wat het julle vir ons gebring?

**KLEINGROEP LEIER:** Ek het vir ons suikerstrooitjies gebring! (wys suikerstrooitjie)

Wow 'n suikerstrooitjie?! EK ken dit nie. Drink mens water met hom? (Vat glas water en probeer drink) Dit proe dan na niks… (laat kleuters reageer)

Ooooo haai dit was nou sommer laf van my. So julle sê mens eet hom? (probeer hom kou) Siesa dit is glad nie soet nie dit proe net soos plastiek. (laat kleuters toe om te reageer)

Oooo nou sien ek. So mens moet hierdie harde punte afsny en DAN sal mens die lekker soet suikertjies aan die binnekant kan proe? Ahaaaa nou maak dit meer sin vir my. (kyk na helpers) Kom ons gee vir hierdie skatte ook elkeen so strooitjie MAAR dan moet julle soet sit en luister né. EN julle mag nog nie eet voordat ek nie sê julle kan nie. Al die maatjies moet eers een kry.

*Deel vir elke kind ''n suikerstrootjie uit wat reeds een punt het wat afgesny is.*

Maats, kyk nou net hier. Die lelike harde punt is afgesny. Sit bietjie die strooitjie teen jou neus. Kan jy die soet suikertjies binne-in ruik? Loer nou met jou oog binne-in die strooitjie, kan jy die mooi helder suikertjies nou beter sien? Kom ons gooi bietjie van die suiker uit in ons hande? Kan julle die suiker nou beter voel? EN kom ons eet dit....hmmmm nou proe ons mos die suiker baaaaie beter.

Maatjies, het julle geweet dat ons sonde baie keer soos hierdie harde punte is van ''n suikerstrooitjie? As ons ''n foutjie gemaak het of sonde gedoen het, dan word dit partykeer hard in ons harte. Ons begin dink dat ons altyd moet sleg voel oor die fout wat ons gemaak het.

Maatjies, wie van julle het al iets verkeerd of stout gedoen en dan is jy te bang om vir mamma of pappa te vertel daarvan? (laat kleuters toe om te antwoord). Hoekom is ons bang om vir hulle te vertel (laat kleuters toe om te antwoord) Ja, ons is bang ons kry raas. Onthou mamma of pappa probeer jou net help, sodat jy jou hartjie mooi sag en soet en vol van Jesus se liefde kan hou. Dink jy as jy vir mamma of pappa vertel van jou fout dat hulle nie meer lief is vir jou nie? (laat kleuters toe om te antwoord) Nooit nie! Maatjies, hulle wil jou juis help as jy ''n fout maak sodat jy jou hartjie mooi sag en soet kan hou en Jesus se lig helder kan skyn.

Maatjies Baie keer is ons ook te bang om vir Jesus van ons sonde te vertel....Hoekom dink julle wil mens nie vir Jesus vertel as jy ''n fout gemaak het nie? (gee kleuters kans om te dink)

**Kleingroep leier 1:** Miskien is mense ook bang Jesus gaan kwaad word vir hulle?

Dink julle dit is waar maats, word Jesus kwaad vir ons as ons iets verkeerd doen?

**Kleingrioep leier 2:** Miskien dink mense Jesus gaan nie meer lief wees vir hulle nie?

Dink julle dit is waar maats, is Jesus nie meer lief vir ons as ons iets verkeerd doen nie?

Kom ons spring nou eers op dan gaan haal ons ons koppe daar bo teen die dak, ons het nou heeltemal te veel gedink.

*Kom ons gaan haal ons wakker koppies daar heel bo teen die dak (Haal lekker diep asem as jy die dak raak) en ons bring hulle bietjie af na onder toe om te kom rus (asem uit soos wat jy jou tone raak) – herhaal proses tot jy sien kleuters is weer rustig en gereed om verder te luister.*

Maats, Jesus word nie kwaad nie en Hy bly lief vir jou. Hy is so lief vir jou dat Hy al eintlik klaar betaal het vir jou sonde nog voor jy Hom daarvan kon vertel.

**Kleingroep leier 3:** Huh? Hoe betaal mens vir sonde? Betaal mens met geld of met 'n kaart?

O gonnas nee. Wie van julle weet hoe het Jesus betaal vir ons sonde?
Ja Jesus het vir ons sonde betaal met liefde. Wag so bietjie ek dink ek the paar goedjies hier om ons te help om te verstaan hoe lief Jesus vir ons is…

**(Demonstrasie: Polystyrene reghoek met kruis op, hartjie plakkers, spyker, hamer en suikerstrooitjie punte.)**

1. Maats, het julle geweet dat Jesus jou al geken het voor jy gebore was. Hy was vir jou lief en Hy het gedroom oor jou lewe nog voordat jy eers bestaan het.

2. **Neem die polystyrene reghoek met die kruis.** Maats, Jesus het ook geweet dat sonde gaan maak dat ons sukkel om soos Sy kinders te voel. Ons foute maak ons skaam dan is ons te bang om vir Hom te vertel daarvan. Toe maak Jesus 'n plan….

3. **Plak harte met kinders se voorletter op die kruis**. Maats, hierdie harte wat ek nou plak is Jesus se liefde vir my en vir jou en vir jou en vir jou en vir jou en vir elke liewe een van ons. Eintlik moet hier duisende...nee miljoene hartjies wees, want Jesus is lief vir elke mens wat al gelewe het en elke mens wat nog gaan lewe. Sjoe hoeveel mense dink julle is dit? Weet julle dat Jesus aan julle elkeen gedink het toe Hy aan die kruis gehang het? Ja, Hy het aan elkeen van ons gedink en Hy was so lief vir ons dat Hy net daar gebly het op die kruis

4. **Slaan spykers in** Hy het baie seer gekry, maar Hy het geweet dat Hy kan betaal vir al jou foute as Hy Sy lewe gee. So dit was nie eintlik die spykers wat Jesus vasgehou het aan die kruis nie maatjies. Jesus kon baie maklik die kruis sommer middeldeur gebreek het en afgekom het, maar Hy het nie. Hy het daar gebly want Hy het geweet dit is hoe Hy vir my en jou kan red.

**5. Druk die suikerstrooitjie punte rondom die kruis in.**
Maatjies, hier is daai harde punte van ons suikerstrooitjies ook. Ons het mos gesê dit is soos die sonde wat ons gedoen het. So eintlik was ons sonde ook soos spykers wat vir Jesus aan die kruis vasgehou het.

Sjoe, as mens so aan dit dink is dit eintlik baie hartseer, maar ook baie wonderlik om te weet dat Jesus so lief vir ons was dat Hy klaar lankal terug vir daai lelike sonde van ons gesterf het. Ons hou amper Paasfees, wie van julle wat beteken Paasfees? (laat kleuters toe om te antwoord)

Ja, Paasfees maats is wanneer ons spesiaal dink aan die tyd toe Jesus aan die kruis doodgegaan het vir ons. Eintlik is dit ''n groot spesiale fees om te vier dat Jesus se liefde vir ons groter was as ons sonde en groter is as die dood. Miskien kan julle ook so kruis by die huis gaan maak en dan kan jy almal in jou huis gaan leer van die groot liefde van Jesus.

Maatjies, as Jesus klaar vir jou foute gesterf het, is daar mos niks wat jou kan keer om na Hom toe te gaan as jy ''n foutjie gemaak het nie. Hy wete daarvan. Hy bly lief vir jou en Hy wil jou help om dinge reg te maak.

Haai, daar dink ek nou aan iets wat ons vir mekaar kan sê om te onthou wat Jesus vir ons gedoen het:

**Aan die kruis het Jesus** *(maak arms oop soos kruis)*
**met Sy liefde betaal** *(maak hartjie met hande)*
**Om die nare sonde** *(maak bid handjies)*
**uit my hart te haal** *(stoot hande in die lug op)*

So, wat kan ons vir onsself sê die volgende keer as ons te skaam voel om vir Jesus te vertel as ons iets verkeerd gedoen het:

**Aan die kruis het Jesus** *(maak arms oop soos kruis)*
**met Sy liefde betaal** *(maak hartjie met hande)*
**Om die nare sonde** *(maak bid handjies)*
**uit my hart te haal** *(stoot hande in die lug op)*

Wat kan ons vir ons maatjies wat kan ons vir ons maatjie sê as hulle te skaam is om met Jesus te praat oor ''n fout wat hulle gemaak het?

**Aan die kruis het Jesus** *(maak arms oop soos kruis)*
**met Sy liefde betaal** *(maak hartjie met hande)*
**Om die nare sonde** *(maak bid handjies)*
**uit my hart te haal** *(stoot hande in die lug op)*

Wat kan ons vir mamma of pappa sê as hulle sleg voel oor ''n fout wat hulle gemaak het:
**Aan die kruis het Jesus** *(maak arms oop soos kruis)*

**met Sy liefde betaal** *(maak hartjie met hande)*
**Om die nare sonde** *(maak bid handjies)*
**uit my hart te haal** *(stoot hande in die lug op)*

En wat kan ons vir ander maatjies vertel as hulle vir ons vra waaroor Paasfees gaan:

**Aan die kruis het Jesus** *(maak arms oop soos kruis)*
**met Sy liefde betaal** *(maak hartjie met hande)*
**Om die nare sonde** *(maak bid handjies)*
**uit my hart te haal** *(stoot hande in die lug op)*

Dankie dat julle saam kom leer het maats.
(Sny weer ''n suikerstrooitjie op en laat die suiker op jou hand val vir demonstrasie)

Onthou, moenie toelaat dat sonde jou hartjie hard en toe maak soos hierdie suikerstrooitjie se punt nie. Hierdie punt keer dat die soet suiker kan uitkom en partykeer maak sonde dat ons nie kan voluit lewe nie, omdat ons te bang of sleg of skaam voel vir wat ons gedoen het. Vandag wil ek vir jou goeie nuus gee. Daar is ''n Jesus wat vir my en vir jou so lief het, dat Hy met Sy lewe betaal het, sodat hy daardie harde sonde uit jou lewe kan sny. Hy wil jou wys hoe om Sy lig en SY liefde te gaan uitleef daar waar jy gaan. Kom ons sê 'n laaste keer vir mekaar wat ons geleer het dan gaan ons tafel toe vir ''n kunsie:

**Aan die kruis het Jesus** *(maak arms oop soos kruis)*
**met Sy liefde betaal** *(maak hartjie met hande)*
**Om die nare sonde** *(maak bid handjies)*
**uit my hart te haal** *(stoot hande in die lug op)*

# 3. Kleingroep aanbieding:

## Aktiwiteit 1 - Sondeseëls soos 'n Suikerstrooitjie

Onthou, moenie toelaat dat sonde jou hartjie hard en toe maak soos hierdie suikerstrooitjie se punt nie. Hierdie punt keer dat die soet suiker kan uitkom en partykeer maak sonde dat ons nie kan voluit lewe nie, omdat ons te bang of sleg of skaam voel vir wat ons gedoen het. Vandag wil ek vir jou goeie nuus gee. Daar is ''n Jesus wat vir my en vir jou so lief het, dat Hy met Sy lewe betaal het, sodat hy daardie harde sonde uit jou lewe kan sny. Hy wil jou wys hoe om Sy lig en SY liefde te gaan uitleef daar waar jy gaan. Kom ons sê 'n laaste keer vir mekaar wat ons geleer het dan maak ons ''n kunsie:

**Aan die kruis het Jesus** *(maak arms oop soos kruis)*
**met Sy liefde betaal** *(maak hartjie met hande)*
**Om die nare sonde** *(maak bid handjies)*
**uit my hart te haal** *(stoot hande in die lug op)*

***Instruksies:***

1. *Deel die opsommings aktiwiteitsvel vir die kleuters uit.*

2. *Verduidelik vir hulle dat dit ''n spesiale briefie is met al die lesse wat ons in Kouland geleer het. Hierdie briefie is vir hul ouers is om deur te gaan.*

## Aktiwiteit 2 - Word gesond by Jesus

**Sê die volgende in jou eie woorde:** Sjoe, as mens dink aan wat Jesus vir ons gedoen het, is dit eintlik baie hartseer, maar ook baie wonderlik om te weet dat Jesus so lief vir ons was dat Hy klaar lankal terug vir daai lelike sonde van ons gesterf het. Ons hou amper Paasfees, wie van julle wat beteken Paasfees? (laat kleuters toe om te antwoord)

Ja, Paasfees maats is wanneer ons spesiaal dink aan die tyd toe Jesus aan die kruis doodgegaan het vir ons. Eintlik is dit ''n groot spesiale fees om te vier dat Jesus se liefde vir ons groter was as ons sonde en groter is as die dood. Miskien kan julle ook so kruis by die huis gaan maak en dan kan jy almal in jou huis gaan leer van die groot liefde van Jesus.

Maatjies, as Jesus klaar vir jou foute gesterf het, is daar mos niks wat jou kan keer om na Hom toe te gaan as jy ''n foutjie gemaak het nie. Hy weet daarvan. Hy bly lief vir jou en Hy wil jou help om dinge reg te maak.

## *Instruksies:*

1. Deel vir elke kleuter ''n aktiwiteitsvel uit.

2. Plak die harde punte van die suikerstrooitjies vas aas die kruis met kleeflint.

3. Gebruik die blinkers en inkleurkryte om die kruise te versier.

**Gesels oor die volgende dinge as daar tyd dis:**

1. Wat is die een les uit Kouland wat jy die beste sal onthou?
2. Hoe kan jy ''n suikerstrooitjie gebruik om iemand te help wat vashou aan foute en sonde wat hy gedoen het?

Dankie dat jy vandag se les spesiaal gemaak het!

Liefste Kou koubouter, soos jy al te goed dan weet, 'n mens kry suikersnuffels as jy te veel lekkers eet. So tipe iets gebeur dan ook met jou, wanneer jy te styf aan jou gewoontes vashou, so hier is al die lesse uit Kouland, spesiaal net vir JOU.

| | |
|---|---|
| **Suikerboontjie** | Al is dit in ''n boontjie vorm, is suikerboontjies nie gesond vir jou nie, al wil jy dit glo. Miskien glo jy dat jou foute nie so erg is nie. Miskien sien jy nie eers jou foute raak nie.. Gee dit vir Jesus, dat Hy dit uit jou lewe sny en vir jou die lewe in oorvloed gee. |
| **Suurwurm** | Miskien is jy iemand wat met ''n suur hart rondloop. Daar het al so baie slegte dinge gebeur dat jou hart suur is. Vriende, as jou hart al suur geword het van al die slegte goed wat gebeur – Gee dit vir Jesus dat Hy dit uit jou lewe sny. Hy sal vir jou ''n soet hart gee selfs al gebeur slegte dinge, want as jy Hom toelaat is Hy by jou en in jou. |
| **Malvalekker** | Net soos daai een malva lekker te veel jou heeltemal naar maak, is jy dalk iemand wat so baie dinge aanpak dat jy sommer uitbrand. Jy wil jou eie lewe bestuur in plaas van om vir God te vra om beheer te vat. Jy voel dan maklik of alles te veel vir jou raak. As jy sukkel om beheer te gee vir Jesus, deel dit met Hom. Laat Hom toe om dit uit jou lewe te sny, sodat jy kan leef soos Hy wil hê jy moet. |
| **Suigstokkie** | Miskien is jy iemand wat sukkel om besluite te neem. Jy wag tot ander die besluite maak en dan kan jy hulle blameer as daar iets fout gaan. Jy draai jouself toe in verskonings om die iets te doen nie. Vriende, as dit jy is, wil jy nie jou verskonings vir Jesus gee nie. Laat Hom toe om dit uit jou lewe uit te sny, sodat jy sonder verskonings kan voluit leef vir Hom. |
| **Jellie mannetjie** | Miskien is jy iemand wat sukkel om te aanvaar wie jy is. Vriend, jy is gemaak na die Here se smaak om ander met Sy liefde te raak. As jy heeltyd wil wees soos ander- wil jy nie by Jesus se voete gaan sit en Hom vra om dit uit jou lewe te sny nie. Vra vir Hom om jou lewe vol te maak van wie Hy is sodat jy kan uitgaan en in jou eie geur leef. |
| **Reënboog mat** | Miskien het jy ''n vloerlappie vir ander geword. Jy doen net wat mense sê en volg nie die pad wat God vir jou beplan nie. Gee dit vir Hom, laat Hy daai dele van jou lewe uitsny en jou eerder ''n reënboog welkom mat maak. Laat Hom toe om jou lewe te gebruik om ander welkom te laat voel in Sy liefde. |
| **Jawbreaker** | Miskien is jy iemand wat vinnig dink en praat en baie keer mense seermaak met wat jy sê. Laat Jesus toe om jou harde kop en harde hart uit te sny en vir jou ''n hartklop soos Syne te gee. |
| **Taai toffie** | Miskien haak jou kop vas soos ''n taai toffie in jou mond omdat jy heeltyd dink oor iets waaroor jy skuldig voel. Jy voel soos 'n fout. Vriend, God maak nie foute nie. Hy neem jou foute weg, sny dit af en gee ''n nuwe begin. Wil jy nie vandag vir Hom vra om dit vir jou te doen nie? |
| **Spookasem** | Miskien is jy ''n grootprater. Jy belowe baie dinge en as mense op jou wil staatmaak is jy weg. Vriende, deel dit met Jesus, laat Hom toe om dit uit jou lewe te sny en vir jou ''n lewe in oorvloed te gee. |

Ons kan so maklik in ons eie pad staan,  om met ons foute en ons sonde na ons Here te gaan.


Meer verstop as 'n die suikerstrooitjie kante, neem ons ons lewe in ons eie hande.

Liewe vriend, word eers stil en raak diep bewus, van hoe lief die Here Jesus dan vir jou is.

Aan die kruis het Hy betaal vir elkeen van jou sonde, Hy bring genesing vir jou deur Sy wonde.

Geen spyker kon Jesus aan daai kruis vashou, dit was eerder Sy groot liefde vir my en vir jou!

So kom met jou foute, laat Hy dit van jou af sny, sodat jy die ewige lewe deur Hom kan kry!



**Aan die kruis het Jesus**
*(maak arms oop soos kruis)*
**met Sy liefde betaal**
*(maak hartjie met hande)*
**Om die nare sonde**
*(maak bid handjies)*
**uit my hart te haal**
*(stoot hande in die lug op)*

Hy het self ons sondes in sy liggaam aan die kruis gedra. Daardeur is ons vir die sondes dood en kan ons lewe in gehoorsaamheid aan die wil van God. Deur sy wonde is julle genees. – 1 Petrus 2:24

# Kouland 2 : Familie Studie

## Dierbare Koubouters Skatte!

So kom ons aan die einde van ons Kouland avonture. Baie dankie dat julle saam met ons op hierdie reis was. Mag jy altyd kies om jou gewoontes en foute mooi dop te hou, sodat jy dit vir Jesus kan gee wanneer dit jou hart begin hart maak. Jy kan nou vir oulaas vir jou mense die belangrike geloofsles van vandag gaan leer.

### Koubouter Koukis:

1. Deel vir elke kind 'n suikerstrooitjie uit. **Sê die volgende in jou eie woorde:** Wat keer dat die suiker binne-in hierdie strooitjie geëet kan word? Hoe kan ''n mens hierdie seëltjies wegkry om die suiker uit te kry?

2. Sny die seël van die strooitjie af. **Sê die volgende in jou eie woorde:** Baie keer gebeur dit dat mense se foute ook soos hierdie sëeltjies raak wat aan al twee kante van die strooitjie is. Ons sonde en foute maak ons harte hard. Dit keer ons om Jesus se liefde in ons lewe raak te sien EN dit keer ons om Jesus se liefde te gaan uitdeel vir ander. Amper soos wat hier die suiker in of uit die strooitjie kan gaan nie met die seël wat keer nie. Die enigste manier om hierdie seël weg te kry is om dit af te sny. As sonde ook soos hierdie harde seëls is, moet daar seker ook ''n manier wees om ons sonde uit ons lewe te kry. Kom ons gaan lees die raad wat 1Petrus 2:24 gee.

## Gaan lees 1 Petrus 2:24

Ons moenie toelaat dat sonde ons hartjies hard en toe maak soos hierdie suikerstrooitjie se punt nie. Hierdie punt keer dat die soet suiker kan uitkom en partykeer maak sonde dat ons nie kan voluit lewe nie, omdat ons te bang of sleg of skaam voel vir wat ons gedoen het. Vandag wil ek vir jou goeie nuus gee. Daar is ''n Jesus wat vir my en vir jou so lief het, dat Hy met Sy lewe betaal het, sodat hy daardie harde sonde uit jou lewe kan sny. Hy wil jou wys hoe om Sy lig en SY liefde te gaan uitleef daar waar jy gaan. Kom ons sê 'n laaste keer vir mekaar wat ons geleer het:

**Aan die kruis het Jesus** *(maak arms oop soos kruis)*
**met Sy liefde betaal** *(maak hartjie met hande)*
**Om die nare sonde** *(maak bid handjies)*
**uit my hart te haal** *(stoot hande in die lug op)*

**Kom ons gesels bietjie oor al die lesse wat ons in Kouland geleer het:**
**(verwys na die opsomming wat in die Bouboek geliasseer is)**

1. Gaan saam deur die aktiwiteitsvel waarop al die lesse uit Kouland opgesom is. Deel met jou kleuter hoe van hierdie dinge al jou lewe geraak het. Dit kan ook ''n hulpmiddel wees om vorentoe na te verwys.

2. Bid saam oor die dinge wat jou hart miskien al hart gemaak het. Vra vir Jesus om dit uit julle lewens te sny

3. Dink aan maniere hoe julle vir die res van die familie hierdie belangrike geloofsles kan leer.

## Gesels saam oor die Paastyd wat voorlê

**Sê die volgende in jou eie woorde:** Sjoe, as mens dink aan wat Jesus vir ons gedoen het, is dit eintlik baie hartseer, maar ook baie wonderlik om te weet dat Jesus so lief vir ons was dat Hy klaar lankal terug vir daai lelike sonde van ons gesterf het. Ons hou amper Paasfees, wie van julle wat beteken Paasfees? (laat kleuters toe om te antwoord)

Ja, Paasfees maats is wanneer ons spesiaal dink aan die tyd toe Jesus aan die kruis doodgegaan het vir ons. Eintlik is dit ''n groot spesiale fees om te vier dat Jesus se liefde vir ons groter was as ons sonde en groter is as die dood. Miskien kan julle ook so kruis by die huis gaan maak en dan kan jy almal in jou huis gaan leer van die groot liefde van Jesus.

Maatjies, as Jesus klaar vir jou foute gesterf het, is daar mos niks wat jou kan keer om na Hom toe te gaan as jy ''n foutjie gemaak het nie. Hy weet daarvan. Hy bly lief vir jou en Hy wil jou help om dinge reg te maak.



Dankie, vir julle saamleer vandag. Fluit-fluit ons kuier is uit, gaan versprei nou hierdie geloofsles vêr en wyd!

Skryf iemand se naam neer met wie jy hierdie boodskap gaan deel: ..........................................................................